S.A. BRAFORD TELERSGENOOTSKAP

VOLUME 1, ISSUE 1

# HANDLEIDING VIR STOETTELERS

OKTOBER 2008

IN DIE UITGAWE:

VOORBEREIDING 1

BASIS DIERE 1

IDENTIFIKASIE 1

PARING EN REPRODUKSIE 2

KEURING VAN STOET DIERE 2

PERKAPITA, 1STE AANVAARDINGS VEILINGS EN KOMMISSIES 3

KANSELASIES, PRESTASIE TOETSING 4

PUNTE VAN BELANG:

- **Voorbereiding vir privaat veilings**
- **Kommissies na veilings.**
- **Prestasietoetsing**
-

## INLEIDING

Hierdie Handleiding is daar gestel as n Riglyn vir Telers om sodoende die versameling en vloei van data van u kudde so eenvoudig, akkuraat en konstant as moontlik te laat verloop. Die inligting wat u deurgee aan die Telersgenootskap sal die kwaliteit van u verslae en gevolgtrekking beinvloed.

In die Handleiding bespreek ons graag n paar riglyne en reels waarvolgens jy, jou kudde kan bedryf ten einde n goeie profiel daar te stel.

### Voorbereiding:

Maak seker dat die volgende data in plek is.

1. U naam en adres asook Telefoon nommers en e-mail by die TELERGENOOTSKAP opgedateer is,
2. U lidnommer korrek is,
3. Die Keurders n kaart na u plaas het,
4. U geregistreer is vir Prestasieontleding en interim verslae vanaf u Genootskap,
5. U Inventaris van manlike en vroulike diere op datum is,
6. Die Genetiese Samestelling van u diere (basis diere) op rekord, korrek is.
7. U Kuddekenmerk op al u diere aangebring is.



### Basis Diere:

Aangesien die genetiese samestelling van diere voortaan die basis van gradering mag vorm asook op alle sertifikate en katalogusse aangedui gaan word, is dit uiters belangrik dat die inligting op die stelsel korrek moet wees. Korrekte inligting dra ook by tot meer akkurate teelwaardes.

Die nageslag se genetiese samestelling word deur Breedplan bereken.

By meerbulparing moet die gemiddelde genetiese samestelling van die groep bulle gebruik word.

Indien diere aangekoop is vanaf n ander Teler, raadpleeg a.s.b. die verkoper omtrent die genetiese samestelling.

Hereford: = HH  Brahman: = BB

Afrikaner: = AF  OO: = Onbekend

Ander: BM: Beefmaster, BJ: Bonsmara, BG: Brangus, LL: Limousin, RA: Rooi Angus, SG: Santa Getrudis, SM: Simbra, SI: Simmentaler, SU: Sussex, TI: Tuli.

**Identifikasie van Stoetdiere:** Maak seker dat die volgende inligting duidelik op n stoetdiere aangebring word asook ooreenstem met die inligting soos u dit deurgee aan die Telersgenootskap vir Registrasie.

Die Tatoo van die dier moet ook ooreenkom met die Identifikasie nommer op die dier se sertifikaat.

1. U Kuddekenmerk Letters, gevolg deur die Jaartal en volgnommer. Bv: KB98001,
2. Stoetdiere word verkieslik in die linkeroor getatoeër. Oorplaatjies met die ooreenstemmende nommer word in die regteroor aangebring.
3. Maak seker dat nuutgebore kallers voor hul 100 dae weging behoorlik gemerk is.
4. Geen dier kan aangebied word vir keuring of verkoop word sonder die nodige tatoo nie.

## PARING:

Voorbereiding: Maak seker dat alle vroulike diere wat in u kudde gereed is vir dekking,

1. Geregistreer is,
2. Goedgekeur is,
3. In Goeie Fisieke toestand is,
4. Duidelik getatoeër is.

Selekteer u bulle wat u gaan gebruik en maak seker dat hul:

1. Potent is,
2. Gebloedtipeer is,
3. Geregistreer en Gekeur is vir Stoetteling.

Groepeer die diere na u keuse en onthou om die volgende datums aan te teken: Datum in/uit.

## DRAGTIGHEIDSONDERSOEKE:

Dragtigheidsondersoeke behoort n baie belangrike faktor te wees in u kuddebestuur. Sorg dat die toets so betroubaar moonlik geskied.

Op hierdie stadium moet die volgende inligting aangeteken word.:

1. Datum van ondersoek
2. Weke Dragtig
3. Onsuksesvolle Paring,
4. Aborsie,
5. Enige ander probleme

## MEERBULPARING:

Voorbereiding: Volg dieselfde stappe vir voorbereiding as met gewone paring maar maak seker van die volgende:

1. Verwittig die Telersgenootskap van u besluit, sodat die nodige aanpassings op die stelsel vir u kudde aangebring kan word.

2. Nomineer die verskillende bulle en stuur die nommers asook hul gemiddelde genetiese samestelling aan die genootskap.

3. Sluit aan by Unistel en stuur tydens die paringsseisoen n sterthaar van die bul vir n DNA profiel. Moet nie versuim nie, die bul mag dalk net iets oorkom.

4. Stuur die DNA resultate ook aan die Genootskap vir u rekord.

## REPRODUKSIE:

Reprodukskie is die belangrikste hoeksteen waarop die S.A. Braford gegrond is. n Vers moet verkieslik op 36 maande ouderdom kalf maar nie later as 39 maande nie. Indien nie gekalf voor 39 maande nie, sal die dier outomaties gekanseleer word.

1. Meld alle geboortes aan, al wil u die kalf uitgooi, toon dan net aan dat die kalf nie vir registrasie doeleindes op die stelsel geplaas moet word nie.

2. Meld alle aborsies en ander defekte by geboorte aan. Gebruik die regte kodes soos deur die Telersgenootskap aanvaar.



**Integreer volledig met u Rasgenootskap en ander Registrasie en Prestasie owerhede vir n proffesionele profiel van u kudde.**

## KEURING VAN STOET DIERE

Keuring deur n persoon aangewys deur die Vereniging moet as volg plaas vind.

1. Voor die ouderdom van 2 jaar op Stoetverse en bulle. Geboorte Kennisgewings-sertifikate vir elke dier wat aangebied word moet getoon kan word.

2. Voor u veiling moet alle diere gekeur word vir die veiling en Registrasie Sertifikate van die betrokke diere moet in die besit van die eienaar wees.

3. Sorg a.s.b. dat alle diere duidelik gemerk is en die Sertifikaat van die dier met die oornommer ooreenstem.

4. Alle diere moet voor die besoek reeds by die kraal versamel wees en die kraal moet in n goeie werkende toestand wees.

5. Duidelike padaanwysings moet vooraf aan die keurder verskaf word.

6. Maak seker dat u n duplikaat verslag ontvang voor die keurder die plaas verlaat.





## PERKAPITA LYSTE—JAARLIKSE HEFFING

Telers ontvang jaarliks n volledige lys van lewendige diere soos op die stelsel by Breedplan geregistreer. Die verslag moet dan deur die Teler opgedateer word en die riglyne in die verband is as volg:


1. Merk a.s.b. duidelik watter diere dood, verkoop of bloot gekanseleer is weens prestasie ens.

2. Meld a.s.b. ook die datum waarop die dier gekanseleer is.

3. Indien die dier verkoop is, moet die Naam, lidnommer, en adres van die koper, indien hy die dier gaan aanwend in stoetverband ook deurgegee word.

4. Korreleer in die geval of alle lewendige diere op die lys verskyn en of die keurstatus korrek verwerk is.

5. Stuur a.s.b. die lyste betyds terug sodat die nodige aanpassings t.o.v. u rekening gedoen kan word.



## EERSTE AANVAARDINGS DOKUMENTE:

Hierdie dokument geld slegs vir diere waarvan daar geen rekord op die stelsel bestaan nie, m.a.w. Diere wat nie geregistreerde ouers het nie, heelwaarskynlik uit u kommersieële kudde kom en wat u graag op die stelsel wil inbring.

Die Teler self kan die diere nie registreer nie.

Die betrokke diere moet deur n keurder op Eerste Aanvaardins dokumente in die stelsel in gekorporeer word.

Eerste aanvaardings dokumente is die basis vir die doeleinde en kan van die kantoor verkry word indien u die administrasie vooraf wil doen en dan aan die keurder op die plaas wil gee.

n Alternatief is om die keurder te versoek om die vorms saam te bring op die dag van die keuring.

1. Dieselfde reëls geneem by normale keuring, geld in die geval.
2. Die Eerste Aanvaardingsvorms, word dan na voltooing deur die keurder aan die kantoor deurgegee.
3. Inligting wat op die vorm moet verskyn, is die Tatoo van die dier en die geslag.
4. Die keurder sal die res voltooi.
5. Onthou om u lidnommer te voorsien.
6. Hou n afskrif van die verslag in u besit.
7. LW. Diere mag nie op die selfde vorm opgegradeer word nie.

**Ken jou Ras, ontdek sy potensiaal, en bemark hom met trots.**

## VEILINGS EN KOMMISSIES

Veilings Auctions

Riglyne vir Veilings onder Beskerming van die Telersgenootskap.:

1. Stuur a.s.b. ten minste 3 maande voor u veiling die datum van u veiling, plek en naam van Afslaers aan die genootskap.

2. n Lys van die diere betrokke vir verifikasie van Registrasie deur die Genootskap.

3. Maak n afspraak met n keurder vir die inspeksie voor die veiling.

4. Maak seker u is in besit van al die diere se sertifikate, die keurder gaan dit benodig.

5. Maak seker u is in besit van Vertiliteitsertifikate vir al u bulle aangebied en dragtigheidssertifikate vir u dragtige vroulike diere aangebied.

6. Na afloop van die veiling moet die oordragte van sertifikate gedoen word en kommissie aan die kantoor uitbetaal word.



**Web: www.braford.org.za**


**S.A. BRAFORD TELERSGENOOTSKAP**

Privaatsak x12

Brandhof 9324

124 Nelson Mandelarylaan/Drive

Bloemfontein

Phone: 051-4304277

Fax: 051-4304277

E-mail: info@braford.org.za


## KANSELASIE EN HERINSTELLINGS:

Riglyne vir Kanselasies en Herinstellings:

Die Teler het die opsie om kanselasies van stoetdiere, elektronies na die Kantoor te stuur. Indien u nie oor die nodige fasilieite beskik nie, kan u die sertifikate van die betrokke diere aan die kantoor pos. Meld egter duidelik:

1. Datum uit Kudde
2. Rede uit Kudde.

Indien u n dier wat voorheen gekanseleer is, wil herinstel, moet u die Kantoor skriftelik versoek.

Maak a.s.b. seker in die geval dat die dier se rekord op datum is. n Koste sal gehef word vir die herinstelling van diere wat voorheen gekanseleer is. Wees a.s.b. net bewus daarvan dat die betrokke dier weer onderhewig sal wees aan keuring deur die genootskap.

Sien die ontwikkelingsregister vir die verskillende Teelmetodes wat u kan volg ten einde n Braford te teel.

## PRESTASIE TOETSING:

Riglyne vir Prestasie evaluering

Datums vir wegings:

100dae voorspeen

200dae speen

400dae jaargewig en skrotum meting

600dae gewig en skrotum meting

Volwasse Koei gewig = Na kallers gespeen is, moet die vrouike kudde geweeg word.

Stuur a.s.b. getrou u gewigte in, sodat die Ras profiel meer betroubaar kan word.


Hierdie dokument is saamgestel deur: **Charlotte Schuite** vir die S.A. Braford Stoet Telers.